Nuusbrief vir 1 Augustus 2019

Hoërskool Swartland

NUUS

Uit die skoolhoof se kantoor

1 Augustus 2019

Ons het komende Saterdag 3 Augustus 'n sportdag teen HS Tygerberg by hulle gronde. U is natuurlik welkom om ons leerders op die sportveld te kom ondersteun en die dag saam met ons te geniet.
Die leerders wat van die skool se busvervoer gebruik maak, moet reeds teen 06:15 aanmeld sodat die busse stiptelik teen 06:30 kan vertrek.

Sportdag vs Tygerberg program

1 Augustus 2019

Sien die program van 3 Augustus onder Bronne / "Resources" op hierdie Communicator.
Let wel: Die hokkie vind op Astro plaas in Voortrekkerweg, Bellville.

Finanskantoor gesluit

1 Augustus 2019

Let asseblief daarop dat ons skool se finanskantoor van 5 tot 8 Augustus gesluit sal wees. U sal dus vir hierdie paar dae geen kontant of betalings by die skool kan kom doen nie.

Wie se inbetaling is dit?

1 Augustus 2019

Die volgende inbetalings is in die skool se rekening gedoen, maar ons kan dit nie allokeer nie, want ons weet nie vir wie dit bedoel is nie.
- Op 25 Julie 2019 - R500 met die verwysing "Swartland Hoërskool Fooie"
- Op 31 Julie 2019 - R1 630 met die verwysing "INVESTCORPBCCSA"
- Op 1 Augustus 2019 - R3 260 met die verwysing "skoolgeld"

Indien u enige van hierdie betalings herken, kan u ons finanskantoor skakel sodat ons dit aan die korrekte rekening kan allokeer.

Finansies - algemene inligting (1)

1 Augustus 2019

Dit is reeds Augustusmaand. Daar is dus slegs 4 maande oor waarin uitstaande skoolfonds betaal moet word. Maak asseblief seker dat die totale skoolfonds voor 30 November 2019 betaal is.
Daar is ‘n aantal ouers wie nog 2018 se paaiement, naamlik R1490 gebruik. Die bedrag per maand vir 2019 is R1630. U moet asseblief daarop let dat aan die einde van November 2019 daar dus nog ‘n addisionele R1400 betaal moet wees. Daar is ander ouers wat ander verminderde bedrae ook betaal.
Let asseblief op na die staat wat u nog verskuldig is en deel dit in die oorblywende betaalmaande.

Finansies - algemene inligting (2)

1 Augustus 2019

Indien u aftrekorder vir die laaste dag van die maand gestel is, of as u ‘n betaling doen op die laaste dag van die maand of as die betaling oor ‘n naweek geskied, neem dit gemiddeld vier werksdae om op ons bankstate te verskyn, veral as dit boonop vanuit ‘n ander bank gemaak word. Dan sal die betaling eers op die volgende maand se staat verskyn.
Op die maandelikse staat staan altyd die datum tot wanneer die betalings en ontvangstes gerekonsilieer is.
Moenie na die datum heel bo regs kyk nie. Dit is die datum waarop die staat aan u gestuur word.
Moenie die twee datums verwar nie.

Finansies - algemene inligting (3)

1 Augustus 2019

Laastens: Onthou om u kind se leerdernommer, van en voorletters as verwysing te gebruik, bv 29876PampoenTK. As daar nog plek oor is, kan u ook die graad en seksie byvoeg, bv 8E.
29876PampoenTK8E - sommer sonder spasies sodat ons soveel as moontlik karakters en inligting kan hê.
Baie dankie vir ‘n hele aantal ouers wat getrou vir u kind se onderrig en opvoeding betaal.

Rugby uitslae

1 Augustus 2019

HSS vs Hopefield:
O/19A verloor 19-38, O/19B wen 25-22, O/19C gelykop 12-12, O/16A wen 21-7, O/15A verloor 12-14, O/15B verloor 12-29, O/14A wen 24-5.

Netbal uitslae

1 Augustus 2019

HSS vs Hopefield:
O/18A wen 37-18, O/18B wen 27-18, O/18C verloor 11-15, O/17A wen 27-9, O/17B verloor 9-10, O/17C gelykop 13-13;
O/16A verloor 12-14, O/16B verloor 11-25; O/16C verloor 12-23;
O/15A wen 26-20, O/15B verloor 10-28, O/14A verloor 13-15, O/14B wen 19-8, O/14C wen 14-6, O/14D verloor 12-17.

Hokkie uitslae

1 Augustus 2019

HSS vs Hopefield:
Seuns: 19A wen 4-0, 19B wen 3-0.
Dogters: 19A wen 7-0, 19B wen 6-0, 16A wen 7-0, 16B wen 7-0.

Wiskunde Lenteskool vir graad 12

1 Augustus 2019

Daar word gedurende September 'n Wiskunde Lenteskool vir graad 12-leerders aangebied en wel vanaf Maandag 23 September tot Vrydag 27 September.
Die kursus behels 2 ure per dag vir die 5 dae. Tye sal ooreengekom word. Volledige opsommings, aantekeninge en oefeninge word verskaf wat leerders tuis moet voltooi. Vir goeie resultate is dit baie belangrik dat leerders hul volle samewerking in dié verband gee. Vir verdere besonderhede en detail kan me Elsie Oosthuizen by 082 378 6830 gekontak word. Bevestig asseblief voor of op Donderdag 12 September 2019.

My School en Woolworths (1)

1 Augustus 2019

U is reeds bewus van die My School fondsinsameling waarvan ons deel is. As u by deelnemende besighede koop, 'swipe' u bloot u My School kaart en ons skool kry dan 'n insentief. U moet egter seker maak dat die begunstigde op u kaart wel Hoërskool Swartland is. As dit nie is nie, kan u dit verander deur hul webtuiste te besoek by: www.myschool.co.za
Indien u vir 'n nuwe kaart wil aansoek doen, kan u dit ook via hierdie webtuiste van hulle doen of by mev De Klerk by die skool hulp vra.
Ons wil u vriendelik vra om ook deel te vorm van hierdie My School projek.

My School en Woolworths (2)

1 Augustus 2019

Lys van deelnemende besighede in Malmesbury area (My School):
• Woolworths Foods Malmesbury, Woolworths Wellington, Woolworths Paarl Mall & alle Woolworths winkels landwyd, asook Woolworths Online en Versekering.
• Engen Quickshop & Woolworths Foods @ Engen Smuts & Koch, Malmesbury
• Wimpy @ Engen Smuts & Koch, Malmesbury
• Primatyre Malmesbury
• Bidvest Waltons Paarl, alle Waltons winkels landwyd & Waltons Online.
• Henk Moolman Oogkundiges in Wellington.
• Engen Paarl Village & Engen Darling & Quickshops landwyd
• Engen Darling - diesel
• Loot www.loot.co.za
• Flight Centre Paarl – Red Label Holidays
• WorksheetCloud www.worksheetcloud.com

Skoolfonds, koshuislosies en busgeld: 2019

1 Augustus 2019

Die volgende tariewe is vir 2019 goedgekeur:
Skoolfonds: R16 300 per jaar per leerder.
Koshuislosies: R27 700 per jaar per leerder. Geen subsidie of afslag is op koshuislosies van toepassing nie.
Busvervoergeld bly tans onveranderd op R8000 per jaar per leerder vir die vol roete. Enige verandering sal aan die betrokke ouers deurgegee word.

Skool, koshuise, bus, rekening nommers

1 Augustus 2019

Skoolfonds: (Navrae: Mev P van der Westhuijzen)
Rekeningnaam: Hoërskool Swartland, NEDBANK Malmesbury,takkode 154605, rekeningnommer 103 982 7438
Koshuislosies vir dogters: (Navrae: Mev D de Klerk)
Rekeningnaam: Huis van Zyl, NEDBANK Malmesbury, takkode 154605, rekeningnommer 103 983 1311
Koshuislosies vir seuns: (Navrae: Mev D de Klerk)
Rekeningnaam: Huis van Imhoff, NEDBANK Malmesbury, takkode 154605, rekeningnommer 103 983 0463
Busvervoer na en van Riebeek: (Navrae: Mev D de Klerk)
Rekeningnaam: Hoërskool Swartland busdiens, NEDBANK Malmesbury, takkode 154605, rekeningnommer 103 982 9058
By die verwysing moet u asb u kind se leerdernommer (skoolfonds) OF naam en van volledig intik.

KALENDER vir 1 Augustus 2019 - 8 Augustus 2019

1st Augustus 2019
Interskole sokkie
19:00 - 21:00

2nd Augustus 2019
Slaglamkompetisie

3rd Augustus 2019
Landlope te Worcester

3rd Augustus 2019
Sportdag vs Tygerberg (weg)
Parow

5th Augustus 2019
Erekleuretoekennings

5th Augustus 2019
Beheerliggaam vergader 18:00

6th Augustus 2019
Sportvasvra

6th Augustus 2019
Gr 8-12 Afrikaans vraestel 3

7th Augustus 2019
SGOS vergader 14:30

7th Augustus 2019
Rugby O/19A vs HTS Bellville (weg)
Bellville

8th Augustus 2019
Koshuiskomitee vergader 13:00

8th Augustus 2019
Gr 8-12 skryf Engels vraestel 3

HULPBRONNE bygevoeg in die afgelope 7 dae

Eksamen en toetsrooster 3de kwartaal 2019

http://downloads.d6communicator.com//downloads/resources/245_resource_5d416fac5eeae174738595.pdf

Sportdag vs Tygerberg (weg) netbal

http://downloads.d6communicator.com//downloads/resources/245_resource_5d4001a1b0d22763808630.docx

Sportdag vs Tygerberg (weg) rugby

http://downloads.d6communicator.com//downloads/resources/245_resource_5d40016d69aee807174122.docx

Sportdag vs Tygerberg (weg) hokkie

http://downloads.d6communicator.com//downloads/resources/245_resource_5d400135e10fd014813020.docx

Julie 26 Nuusbrief

http://downloads.d6communicator.com//downloads/resources/245_resource_5d3965c30fb88604137853.pdf

Wil jy die nuus kry soos dit gebeur? Kliek hier om die lessenaar kommunikeerder af te laai.